Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Hoe bereik 'n mens sukses?

Hierdie Hoofstuk handel hoofsaaklik oor die basiese vereistes vir die mens om suksesvol te kan wees

1. Sukses word bereik deur gelowiges,

2. wat in alle opsigte in hulle harte konsentreer en fokus op hulle Aanbidding en Gebede,

3. wat hulleself weghou van gesprekke en dinge wat nie geestelik opbouend is nie,

4. wat die Armebelasting betaal,

5. wat hulle geslagsorgane mooi oppas, (K23:5-6)

6. en dit net gebruik vir seksuele omgang met hulle huweliksmaats en nie vir losbandige seks nie, omdat

6. sulke verantwoordelike mense dan van geen oortreding beskuldig kan word nie.

7. Daarom word diegene wat seksuele bevrediging en genot probeer vind buite hierdie reëls beskou as die oortreders:

8. en sukses net bereik word deur diegene wat in alle eerlikheid omsien na dit wat aan hulle toevertrou is en dit wat hulle belowe het om na te kom,

9. en diegene wat getrou is in hulle Aanbidding en Gebede.

10. Sulke mense is die erfgename

11. wat die Paradys sal beërwe. En hulle sal vir ewig in die Paradys wees.

Skepping van die mens

12. Ons het die eerste mens, Adam, gemaak van spesiale elemente wat Ons uit die essensie van die aarde geneem het in die vorm van 'n bietjie klei.

13. Daarna het Ons die mense na hom uit 'n spermsel gemaak wat in die veiligheid van die baarmoeder ontwikkel.

14. Daarna het Ons die spermsel in 'n klontjie verander, en daarna die klontjie in 'n stukkie vlees, die fetus, waarna Ons die fetus verander het in bene en die bene met vlees bedek het. Toe het Ons dit ontwikkel in nog 'n skepsel. So, wonderlik en glorieryk is Allah, die Beste van alle vervaardigers, omdat Hy die Enigste is wat iets uit niks kan skep.

15. En dan, na dit alles, sal jy moet sterf.

16. Waarna jy opgewek sal word tydens die Oordeelsdag.

Die Skepper as Versorger van die skepping

17. En Ons het bokant julle die hemelruim in sewe vlakke geskape, wat bekend staan as die sewe hemele, en Ons was nooit nalatig ten opsigte van die skepping, deurdat Ons na afloop van die skepping, alles net so onversorg gelaat het nie: maar Ons het voortdurend die nodige lewensmiddele verskaf soos reën en plantegroei.

18. Ons het dit laat reën in die nodige hoeveelhede, wat Ons ook in die aarde opgaar, en wat Ons natuurlik, as Ons wil, in staat is om weg te vat.

19. Toe het Ons daarmee tuine geproduseer van dadelpalms en wingerde tot julle voordeel. Daar is vir julle baie vrugte in dit, waarvan julle eet,

Die waarde van die Olyfboom

20. en Ons het 'n Olyfboom geproduseer wat uit die Berg Sinai ontstaan het, en wat olie voortbring wat aan die liggaam gesmeer kan word en in lampe as lampolie gebruik kan word, asook as 'n sous op kos.

Die waarde van beeste

21. Daar is ook 'n goeie les vir die mens in beeste. Julle kan van die melk drink wat uit die eiers onderaan hulle pense voortkom, en waarvan weer ander kos gemaak kan word, wat vir julle baie voordele bevat. So ook kan julle die beesvleis eet

22. en as vervoermiddel gebruik, soos die bote.

Noag

23. Dit was ook Ons wat vir Noag na sy volk toe gestuur het. So Noag sê toe vir sy volk: "My volk, dien en aanbid Allah. Julle het geen ander god van enige aard, anders as Allah, nie. Het julle dan nie 'n heilige ontsag en respek vir Allah nie?"

24. Die ongelowige leiers van sy volk sê toe vir die volk: "Hierdie man Noag, is niks meer as net 'n mens soos julle, nie. Hy wil net sy gesag en meerderwaardigheid op julle afdwing. Indien Allah 'n boodskapper wou stuur, sou Hy engele gestuur het. En ons het nie van so iets gehoor wat met ons voorvaders gebeur het nie.

25. Hy is niks anders nie as 'n mal man nie, so wees maar geduldig met hom totdat hy dood is."

26. Noag bid toe tot Allah: "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer help want hulle belieg en belaster my."

27. So het Ons toe aan Noag Ons openbaring gegee, en aan hom gesê: "Bou die skip onder Ons toesig en volgens Ons spesifikasies. En wanneer Ons die bevel gee en water uit die aarde uit opborrel, neem dan aan boord van die skip twee van elke spesie tesame met jou familie, behalwe vir diegene van hulle wie jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer alreeds anders besluit het. En moenie met My praat ten gunste van diegene wat verkeerd gedoen het nie. Hulle gaan verseker verdrink."

28. En wanneer jy en diegene saam met jou julle goed tuisgemaak het in die skip, dan moet jy sê: 'Alle lof kom Allah toe wat ons gered het van die mense wat verkeerd doen.'

29. Noag en dan moet jy ook bid: 'O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee dat daar waar ons weer aan wal sal gaan, dit 'n geseënde landing sal wees. U is die beste van diegene wat iemand aan wal bring."

Bewyse dat die Boodskappers die waarheid praat en dat Allah van alles weet, enigiets kan doen, en maak soos Hy wil

30. Waarlik, in hierdie verhaal van Noag wat vertel van die redding van gelowiges en die vernietiging van ongelowiges, is 'n boodskap met bewyse en lesse, en Ons toets Ons diensknegte altyd deur Ons boodskappers.

Die volgende verse verwys of na Heber wat na die mense van Ad toe gestuur was of na Salie wat na die mense van Thamud gestuur was

31. Ons het toe na hulle 'n ander geslag geskep,

32. en vanuit hulle eie geledere 'n boodskapper na hulle toe gestuur met die boodskap: "Dien en aanbid Allah: julle het hoegenaamd geen ander god as net Hy nie. So, het julle nie 'n heilige ontsag en respek vir Allah nie?"

33. Die leiers van sy volk , wat ongelowiges was wat die Hiernamaals belieg en belaster het en wie Ons baie invloedryk in hierdie lewe gemaak het, sê toe: "Hierdie man is niks anders as 'n mens nie. Hy eet dieselfde kos as julle en hy drink dit wat julle drink.

34. As julle na 'n mens soos hy luister, sal julle algehele verloorders wees.

35. Belowe hy julle dat, wanneer julle dood, en net stof en bene is, julle weer lewendig gemaak sal word?

36. Dit wat julle belowe word is veels te onwaarskynlik.

37. Daar is niks meer as net julle aardse lewe nie. Nadat ons gelewe het gaan ons dood en ons sal nie weer lewendig gemaak word nie. (K36:31)

38. Hy is niemand anders nie as 'n man wat 'n leuen teen Allah versin het nie, en ons gaan hom nie glo nie."

39. Toe bid die boodskapper tot Allah en vra: "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, help my, want hulle het my belieg en belaster"

40. Allah antwoord toe en sê: "Hulle sal na 'n kort rukkie baie jammer moet wees oor wat hulle gesê het."

41. Toe het die groot Skreegeluid hulle vasgevat ooreenkomstig die belofte van Allah, en Ons het hulle gedood en vernietig sodat hulle gelyk het soos die skuim en rommel wat deur 'n watervloed agtergelaat word So, jammer vir die mense wat verkeerd besluit en verkeerd opgetree het.

Gemeenskap op gemeenskap gedoem tot vernietiging net omdat die meerderheid nie hulle boodskappers geglo het nie

42. Na hulle het Ons 'n volgende geslag geskep.

43. Geen gemeenskap kan vroeër bestaan, of langer bly as die tyd wat vir hulle bepaal is nie.

44. Daarna het Ons, Ons boodskappers die een na die ander na hulle gemeenskappe toe gestuur. En wanneer die meerderheid van gemeenskappe deur hulle boodskappers genader was met 'n boodskap, is hulle belieg en belaster. Toe het Ons gemaak dat die gemeenskappe mekaar opvolg in hul eie vernietiging en hulle verander in geskiedenisverhale. So, jammer vir die volk wat nie geglo het nie.

Moses en Aaron

45. Daarna het Ons vir Moses en sy broer Aaron gestuur, met Ons boodskap en duidelike bewyse,

46. om aan Farao en sy raadgewers te gaan oordra. Maar Farao en sy raadgewers was arrogant en 'n aanmatigende volk.

47. Maar hulle reaksie op die boodskap wat Moses en Aaron gebring het was: "Sal ons glo in twee mense soos ons en wie se mense ons as slawe dien?"

48. Gevolglik het hulle beide Moses en Aaron belieg en belaster net om een van die volke te word wat vernietig is.

49. En, natuurlik het Ons aan Moses die Wet gegee, sodat hulle presies kon weet wat die regte weg is om dit te volg.

Jesus en Maria moes ook vlug en is deur Allah beskerm

50. Ons het ook die seun van Maria en sy moeder 'n boodskap en bewys gemaak en aan hulle skuiling gegee op 'n hoogte, 'n plek van rus met lopende waterfonteine.

Die Boodskappers word aangespreek

51. Boodskappers, eet van die rein en gesonde kos wat julle toegelaat is, en doen net goeie dinge en tree korrek op. Ek is ten volle bewus van alles wat julle doen.

52. En waarlik, hierdie is julle godsdiens en julle gemeente, 'n enkele godsdienstige lewenswyse, en Ek is julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So hê 'n heilige ontsag en respek vir My.

53. Maar hulle, die verskillende nasies waarheen boodskappers gestuur was, het onder mekaar verdeeld geraak in groeperings en sektes, elke groep gelukkig en tevrede met dit wat dit wat hulle dink korrekte leiding is.

54. So, los hulle vir 'n ruk in hul eie nalatigheid tot op die voorafbepaalde tyd.

Die ongelowiges verkeer onder 'n wanindruk!

55. Dink hulle dat Ek, deur hulle voortdurend van welvaart en kinders te voorsien,

56. My haas om hulle van die goeie te voorsien omdat Ek hulle eer en omdat hulle vir My kosbaar is? Die feit is egter dat hulle nie die werklikheid verstaan nie.

Die waarheid is anders as wat die ongelowiges dink!

57. Die teendeel is egter waar en dit is dat dit diegene is wat 'n heilige ontsag en respek het vir hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer,

58. en diegene wat glo in die geopenbaarde verse van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, soos vervat in die Koran,

59. en diegene wat nie enige vennoot met hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer assosieer nie ,

60. en diegene wat die aalmoese wat hulle aan die armes gee, en al die goeie dinge wat hulle doen, gee en doen met harte waarin daar 'n heilige ontsag en respek is vir die wete dat hulle na hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal moet terugkeer:

61. sulke mense, die gelowiges, hardloop agter die ware goeie dinge aan, die geestelike belonings, net soos wat ongelowiges agter die dinge van hierdie wêreld aan hardloop, en die gelowiges is die eerstes wat dit wat hulle najaag, sal ontvang.

62. Ons belas niemand bo sy vermoë nie, daar word dus van niemand verwag om beter te doen as waartoe hy in staat is nie. En by Ons is daar 'n boek van almal se dade waarin daar 'n akkurate rekord is van alle mense se dade, sodat niemand benadeel sal word nie.

63. Maar die harte van die ongelowiges is toegegooi onder die nalatigheid en misleiding ten opsigte van die openbaring van Allah en die Enigheid van Allah, en daarby doen ook voortdurend nog ander verkeerde dinge ook.

64. Tot op die dag dat Ons die invloedryke ongelowiges wat hulleself probeer beskerm met gemak en sukses, met straf sal vasvat, en hulle dan skielik sal begin huil.

65. "Moenie vandag wil huil en nou na Ons om hulp wil roep nie. Julle sal nie deur Ons gehelp word nie."

66. Die verse wat Ek geopenbaar het, was aan julle voorgedra, maar julle het gekies om dit nie aan te neem nie en weerstand daarteen gebied deur julle rug daarop te draai en op julle hakke om te draai en daarvan af weg te stap,

67. en met arrogansie saans as die onderwerp van julle stories oor te vertel, en sleg te praat van iets waarvan julle eintlik niks weet nie."

Wat kon die ongelowiges verhoed het om die boodskap van hulle boodskapper aan te neem?

68. Kan dit wees dat hulle nie nagedink het oor die Woord van Allah nie of was dit vir hulle nuut omdat dit nie ook aan hulle voorvaders oorgedra was nie?

69. Of het hulle nie hulle boodskapper herken nie, en daarom nie na hom geluister nie?

70. Of sê hulle: "Die man is heeltemal mal?" Die waarheid is egter dat hy na hulle toe gekom het met waarheid, en dit is juis die waarheid waarvan meeste van hulle nie hou nie.

71. En indien die waarheid hulle begeertes nagevolg het, sou al die hemele en die aarde en almal daarop in totale wanorde verval het. Ons het agter aan hulle raad en advies gebring, maar dit is daardie advies waarteen hulle gekant is.

72. Mohammed, of is dit dat jy van hulle 'n vergoeding verwag vir die boodskap en raad en advies wat jy aan hulle oordra? Die vergoeding wat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer gee is egter die beste, en Hy is die beste van alle gewers van vergoeding.

73. Jy het hulle verseker uitgenooi na 'n reguit weg toe, om binne die Wil van Allah te lewe,

74. en diegene wat nie in die Hiernamaals glo nie, is sekerlik diegene wat afwyk van die Regte Weg af.

75. En selfs al sou Ons aan hulle genade betoon en al die spanning wat hulle ervaar van hulle wegneem, sal hulle steeds astrant aan hulle rebellie vasklou, terwyl hulle soos blindes ronddwaal.

76. En Ons het hierdie ongelowiges, soos die mense van Mekka se hongersnood, reeds met straf vasgevat, maar hulle het nie hulleself nederig aan hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer onderwerp of Hom in afhanklikheid om hulp gevra nie,

77. totdat Ons oor hulle die deur van baie erge straf sal oopmaak, en hulle in berou terugruk sal word tot die werklikheid.

Oortuig Sy wonderlike skepping julle nie om te glo nie?

78. Hy is die Een wat vir julle, jul ore waarmee julle kan hoor en oë om mee te sien en harte waarmee julle gevoelens kan ervaar, geskape het. En tog is julle nie baie dankbaar teenoor Allah daarvoor nie.

79. En Hy is die Een wat julle as Sy skepsels vermeerder en regoor die aarde versprei het, en dit is na Hom toe wat julle bymekaargemaak sal word.

80. Ja, Hy is die Een wat lewe gee en die dood veroorsaak en dit is Hy aan wie die wisseling van nag en dag behoort. So, wat verstaan julle nie?

81. Maar hulle het dieselfde gesê as die mense van ouds.

82. Hulle het gesê: "Wil jy vir ons vertel dat, wanneer ons sterf en tot stof en bene ontbind, dat ons weer lewendig gemaak gaan word?

83. Dit is presies wat ons en ons voorouers voorheen belowe was, en dit is niks anders nie as antieke verhale."

84. Mohammed, vra vir hulle: "Wie dink julle, volgens julle kennis, aan wie behoort die aarde en alles daarop?"

85. Hulle sal antwoord: "Aan Allah" Sal julle, julle steeds nie daaraan steur nie.

86. Mohammed, vra vir hulle: "Wie is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die sewe hemele en die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die Groot Troon?"

87. Hulle sal sê: "Alles behoort aan Hom." Vra dan vir hulle: "Sal julle dan steeds nie 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê nie?"

88. En vra vir hulle: "Sê vir my as julle weet, wie is die Een in wie se hand die koninkryk van alles lê, en wie gee beskerming en teen wie kan niks of niemand jou beskerm nie?"

89. As hulle dan antwoord: "Alles behoort aan Allah," vra dan vir hulle: "Wie het julle dan so verwar dat julle teen die waarheid gekant is?"

90. Feit van die saak is egter dat Ons Die Waarheid na hulle toe gebring het en dat hulle absolute leuenaars is.

91. Allah het nie vir Homself 'n seun verwek nie en daar was ook nie enige god met Hom in vennootskap nie. Indien dit so was, dan sou elkeen van die gode dit wat hy geskape het net vir homself gehou het en sou hulle aggressief teenoor mekaar opgetree het. Allah is egter rein en verhewe bo die kenmerke wat hulle aan Hom toedig.

92. Hy is die Kenner van dit wat weggesteek is en nie gesien kan word nie asook dit wat gesien kan word. So, Hy is vêr verhewe bo hulle toeskryf van vennote aan Hom.

93. Mohammed, bid soos volg: "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, indien U sou besluit om my in my leeftyd die straf te wys waarmee die ongelowiges gedreig word,

94. moet my dan, o my Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie tussen* die oortreders sit nie." (*K8:33)

95. Natuurlik is Ons daartoe instaat om jou te wys waarmee Ons hulle gedreig het: as Ons wou, kon Ons.

96. Bied weerstand teen dit wat verkeerd is met die goeie: as jy sien dat iemand iets doen wat verkeerd is, doen dan iets wat baie beter is*. Ons is deeglik bewus van dit wat hulle aan Allah toeskryf. (K41:34-35)

97. En bid: "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer ek vlug na U toe en vra dat U my beskerm teen die stampe en stote van die Satan en Satansagente en hulle agterbakse misleiding, sodat ek nie selfbeheersing verloor nie,

98. en ek vra dat U my sal beskerm en hulle van my af sal weghou sodat hulle my nie kan pla nie en nie in my sake kan inmeng nie."

99. Die ongelowiges gaan aan met hulle wandade en dit wat hulle doen wat verkeerd is, totdat een van hulle voor die dood te staan kom, en hy gekonfronteer word met die straf van die Oordeelsdag, dan sal hy sê: "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer laat ek tog net gou teruggaan…

100. …sodat ek die verkeerde dinge wat ek gedoen het en daar agtergelaat het, kan gaan regmaak."

So nooit as te nimmer!

Hierdie is nou maar net sommer mooi praatjies om die straf vry te spring*. Voor die dooies is daar in elk geval die skeiding en versperring tussen lewe en dood wat hulle keer om terug te gaan na die lewe toe, waar hulle in die tussentydse periode tussen die dood en die Opstandingsdag is. (*K6:28)

101. Daarna, wanneer die trompet geblaas word, sal daar geen familiebande meer tussen hulle wees nie en hulle sal mekaar ook nie meer kan vra om te help nie*. (K37:27 & K80:34)

102. Die uiteinde van die saak is dat diegene wie se goeie dade op die skaal swaar gaan weeg, hulle sal die mense wees wat suksesvol is, …

103… en diegene wie se goeie dade lig gaan weeg op die skaal, sal diegene wees wat hulleself benadeel het: hulle sal vir ewig in die Hel bly.

104. Daar sal die Vuur hulle gesigte verskroei en hulle heeltemal vermink.

105. Aan sulke mense sal gevra word: "Was My verse wat in die Koran vervat is nie aan julle voorgedra nie en het julle dit nie belieg en belaster nie?"

106. Dan sal hulle sê: "Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons was so vasgevang in ons miserabele toestand van misleiding, dat ons net al verder en verder afgedwaal het.

107. Ag onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, as U help ons om uit hierdie penarie uit te kom en gee ons nog een kans: as ons dit dan weer doen, dan sal ons vanselfsprekend oortreders wees.

108. Dan sal Allah vir hulle sê: "Nee bly net in die vernederde toestand waarin julle is, en moenie met My praat nie."

109. Daar was inderdaad 'n groep van My diensknegte wat gesê het: "Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons maak soos wat U van ons verwag deur aan die vereistes van die ware godsdiens te voldoen, so vergewe ons en wees ons genadig: U is die Meesgenadige."

110. Maar julle, julle het diegene wat geglo het bespot, soveel so dat hulle die oorsaak was dat julle skoon vergeet het om My te onthou, soos wat julle gelag* het vir hulle optrede en aanbidding. (K83:29-30)

111. Ek het vandag aan daardie mense wie julle so bespot en voor gelag het, die erkenning en vergoeding gegee vir hulle standvastige geduld, en dit is dat hulle die enigste is wat suksesvol is en as oorwinnaars uit die stryd tree.

112. Dan sal Allah vir hulle vra: "Hoeveel jare was julle op die aarde?"

113. Waarna hulle sal antwoord: "Dit het vir ons gevoel asof ons maar net vir 'n dag of 'n deeltjie van 'n dag op die aarde was. Maar vra liewers vir die wat rekord hou van die tyd."

114. Dan sal Hy vir hulle sê: "Julle was maar net 'n kort rukkie op die aarde. As julle toe maar net geweet het en verstaan het sou julle gehoorsaam gewees het soos wat die gelowiges was, en nou ook oorwinnaars gewees het."

115. Het julle gedink dat Ons julle sommer so vir die pret geskape het, sonder enige rede en doel en sonder om iets van julle terug te verwag, en dat julle nie na Ons toe teruggebring sal word, om verantwoording te doen, nie?

116. Allah is hoog verhewe bo die skepping van dinge vir ydele vermaak soos 'n aardse koning, Hy is die Ware Koning. Daar is geen god anders as Hy nie, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat op die Geëerde Troon sit.

117. En wie ookal 'n ander god as Allah aanroep, terwyl so 'n persoon geen bewyse vir so iets het nie, sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal met Hom afreken. Waarlik, die ongelowiges sal nie suksesvol wees nie.

Nou leer Allah ons 'n algemene gebed vir vergifnis en leiding, uit genade

118. Mohammed, en jy moet bid: "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vergewe my en wees my genadig deur my op die Regte Weg te lei sodat ek binne U wil sal lewe, want U is die Meesgenadige."

O my Allah,

Hoe kan ek dan nou anders as om

ook te bid dat U my ook uit genade sal vergewe

en dat U my ook op die Regte Weg sal lei

om ook binne U wil te lewe!

Dankie, O my Allah,

dat U my ook reeds lei,

dankie dat U my reeds vergewe het, en

dankie dat ek U vergifnis en

U leiding en U genade myne kan maak,

dit in my hart kan bêre en daaraan kan vashou,

as versekering van U liefde vir my ook.

Amen